

## **“Foute wat tuisskolers kan maak”**

deur Willemien Krüger © Junie 2011

Foute ? watter foute ? Is daar ‘n moontlikheid van foute maak ? Hierdie is vrae wat kan maak dat mens vrees en angs ervaar. Die doel van hierdie artikel is egter om jou aan te moedig om nie meer vreesbevange en angstig te raak nie maar te leer van ander en te probeer om foute te voorkom. Die idéé is om bewus te raak van dinge wat jy kan en dalk nie moet doen nie, soos jy jou bes probeer. Soms is ons blind vir ons eie foute en dit kan ons goed doen om te leer van ander. Die idees kom hoofsaaklik van my persoonlike waarnemings van tuisskolers.

Sewe moontlike foute wat tuisskolers kan maak :

### ***1. Onduidelike of geen visie en planne***

“Sonder visie gaan die mense verlore” (Spr 29:18) is ‘n baie bekende skrifgedeelte en dit is waar. Dit word gesê dat as jy vir niks mik nie, jy dit altyd sal bereik. Dit is ook waar vir die onderrig doelwitte wat jy vir jou kinders stel. Dit is nie so belangrik dat die visie elegant hoef gedefinieer te wees nie, of dat dit moeilik of ingewikkeld hoef te wees nie, maar om visie te hê is belangrik. Om die visie te verfyn na wat dit regtig is wat jy wil bereik of wat dalk nie so belangrik is om te bereik nie gebeur as a resultaat van die lewe en leer soos jy groei. Maar as jy nie iets het om na toe te werk nie, hoe gaan jy weet of jy besig is om te beweeg/ te groei / te leer ? Sonder visie, kan jy nie meet nie. Dikwels is jou begin visie net die rede waarom jy begin tuisskool, maar later kan jy dalk ontdek dat daar ander dinge kort wat jy graag wil byvoeg tot jou visie. Dit is my waarneming dat mense hulleself beperk in die lewe deur nie ‘n visie te hê nie. Om iets kan te visualiseer waarvoor jy wil mik is uitdagend en daar mag die wees wat dink dit is ‘n mors van tyd. Maar ek het ook al gesien dat die mense wat die beste idee het van wat hulle wil bereik op die einde, is die wat mees waarskynlik daar gaan eindig.

Dit is ‘n feit dat nie almal gaan dink hierdie is belangrik nie. Daar is die wat dink dat beplanning ‘n sinnelose oefening is en dat mens eerder die lewe moet vat soos dit kom. As dit jou filosofie is dan moet jy net nie kla as dinge nie uitwerk soos jy dit graag wil hê nie. Dit is ‘n goeie ding om die **toekoms te probeer visualiseer** want dit sal jou ook in die regte verwysingsraamwerk plaan. Maar tyd om te droom en hê die moed om wel ‘n visie vir jou familie en jou tuisskool te formuleer.

“As jy faal om te beplan, sal jou planne faal.” is ‘n gesegde wat algemeen is in die opleiding van bestuurskursusse. Ons as tuisskolers kan daarvan leer, in dat dit fatal sal wees om ‘n visie te hê maar sonder enige konsep van hoe ons daar wil uitkom. Ek het dit al sien gebeur... families wat hul drome verwoord maar sonder ‘n plan om daar uit te kom. Net die droom hê gaan nie dit maak gebeur nie. Jy kan ‘n stap in die regte rigting begin neem. Bv. as deel van jou visie insluit dat jou kinders ‘n verskeidenheid van boeke moet lees, maar jy beplan nie eers om leestye te gun of ‘n verskeidenheid boeke in jou huis te hê nie, hoe gaan jou visie bereik word ? So wees bemoedig – definieer ‘n visie en ‘n plan vir jou tuisskool.

### ***2. Onduidelik of geen meting van vordering***

Hierdie saak is naaste aan my hart soos wat ek klomp tuisskool families observeer. Mens kan visie hê en selfs ‘n plan om daar te kom, maar as jy nie meet hoe jy vorder nie, kan jy die doel mis. Ek het ‘n familie geken wat visie en planne gehad het, maar nie gemeet het nie. Om te illustreer : hulle visie was om hulle kinders eerlik groot te maak (soos ons almal se doel is...) en hulle het selfs gedink hulle kinders was eerlik, maar hulle het nooit dit regtig ondersoek of seker gemaak nie. Soos wat dit toe jare later uitkom, was daar van hulle kinders wat ‘n gewoonte aangeleer het om te jok, en dit nie eers meer agter te kom nie. Dit was hartseer om te sien en het as ‘n persoonlike waarskuwing vir my gedien – maak seker dat jy regtig op die pad is wat jy dink jy is. Moenie aannames maak en dink dinge gebeur noodwendig volgens plan nie – nêrens in die lewe is dit in elk geval waar nie, waarom sal dit anders wees in jou tuisskool ?

Saam met meting is dit belangrik om aan te pas, of veranderinge te maak soos wat jy vind dat dinge nie volgens plan verloop nie. Dit sal sinneloos wees om wel vordering te meet maar niks daaromtrent te

doen as dit nie besig is om reg te verloop nie. Ek het dit ook al sien gebeur...hoe mense weet dat hulle nie besig is om hulle doelwitte te bereik nie, maar niks daaraan doen nie. Om net daaroor te kla is waar dit stop, en hulle eindig deur nooit hulle doelwitte te bereik nie, en dan nog te wonder hoekom. So wees bemoedig – neem dit tyd om te meet, dit is nie moeilik nie en as jy dit gereeld doen, sal jy gou genoeg weet of daar vordering is of nie, sodat jy iets daaraan kan doen.

### **3. *Onrealistiese verwagtinge***

Jou tuisskool verwagtinge word bepaal deur ‘n klomp dinge – jou blootstelling aan ander tuisskool gesinne, persoonlike navorsing, leeswerk, innerlike oortuigings en jou geloof. Maar wat ook al jou bronne was, besluit nou om jou verwagtinge vir jouself realisties en bereikbaar te hou, sodat jy nie teleurstelling sal ervaar as dinge nie heeltemal uitwerk soos jy gedog het dit sou nie. Uit my ervaring is daar klomp frustrasie en irritasie wat gebeur as jy iets gesien het, of jouself en jou kinders vergelyk het met iemand anders en dan is daar ewe skielik ‘n klomp nuwe onrealistiese verwagtinge. As jy ander kinders sien met uiters goeie gedrag in ‘n situasie, en jou kinders gedra hulle nie altyd so goed nie, onthou dat jy daardie kinders in ‘n spesifieke situasie gesien het ook net vir ‘n baie kort tyd. Meeste kinders het hulle slegte gedrag dae. Nie alle tuisskool dae is maanskyn en rose nie. Nie alle werk is altyd lekker nie. Nie alle verhoudinge verloop elke dag wonderlik nie. Dit is baie bemoedigend om te besef dat ander mense maar ook met dieselfde dinge as jy worstel. Onthou altyd dat jy meeste mense net vir kort stukkie tyd sien – hulle gedrag oor langer tydperke mag heel anders wees as wat jy net soms sien. Moenie toelaat dat onrealistiese verwagtinge jou lei t.o.v. wat jy wil bereik in jou tuisskool nie. Wees opreg en ontdek dat ander mense ook opreg wil wees.

### **4. *Nie genoeg fokus***

Een van die dinge wat ek raakgesien het ‘n regte struikelblok kan wees in jou tuisskool en wat ook ‘n groot klomp frustrasie veroorsaak, is wanneer ouers te besig is met ander dinge. Dit is reg as daardie dinge deel is van jou tuisskool visie of planne, maar meer dikwels is dit nie, en dan word die klage “Ek het nie genoeg tyd om te tuisskool nie”. Soms is hierdie ‘ander dinge’ selfs goeie dinge, maar dit veroorsaak ‘n verlies aan fokus. Almal het gelyke hoeveelhede tyd, so as iemand voel hulle het nie genoeg tyd nie, is die vraag eerder ‘hoe spandeer jy die tyd wat jy het?’ Ek het gesien hoe maklik dit is om so besig te raak met hierdie klomp ‘goeie dinge’, wat nie noodwendig ‘die beste’ vir jou huidige familie situasie is nie. Ons almal het wysheid constant nodig om te kan onderskei wat is dit wat ons familie nodig het om te doen en wat om NIE TE DOEN nie vir nou. Hoe ons tyd spandeer word net deur onself bepaal, en geen aktiwiteit hoef vir die res van die lewe gekies te word nie. Daar is altyd ‘n ‘tyd vir alles’. Daar is dalk juis net ‘n tyd vir iets vir ‘n seisoen en dan moet mens die moed hê om dit te laat gaan.

As jy besig is om teleurstelling, angs en frustrasie te ervaar in jou tuisskool, vra jouself af of daar genoeg fokus is om te doen wat jy wil doen. Vra jouself die regte moeilike vrae of daar nie dalk dinge is waarmee jy besig is wat juis nie help om te fokus nie. Hê dan die moed om van die dinge ontslae te raak wat nie help met fokus nie. Onthou dat selfs hierdie seisoen van fokus kan ook net vir ‘n seisoen nodig wees.

### **5. *Nie genoeg uitdagings***

Dit is vir my baie interessant om te sien hoe baie ouers hulle kinders die idee sal gee dat hulle die keuse maak oor wat in hulle lewens gebeur as hulle nog baie jonk is. Natuurlik is die doel van kinders grootmaak om jou kinders te leer om verantwoordelik besluit te neem, maar as ‘n kind ‘koning van die huis is’ op ‘n baie jong ouderdom, gaan besluitneming nie noodwendig verantwoordelik gebeur nie. Spr 29:15 “‘n kind wat sonder dissipline grootword steek sy ma in die skande”. Kinders kan grootword met die idee dat hulle self weet wat is goed vir hulle, maar die waarheid is dat jy weet wat goed is vir hulle en hulle leer by jou. Soms moet ons as ouers ons kinders meer uitdaag, selfs al dink hulle nie dat dit goed is om uitgedaag te word nie. Dit is nie ‘n natuurlike ding vir ‘n kind om hom/haarself uit te daag nie. Ek dink dat baie leergeleenthede word gemis as kinders nie genoeg uitdagings hoef te oorkom nie. Dit is vir my hartseer om te sien hoe van my vriende in sommige situasies self glad nie van uitdagings hou nie (omdat hulleself so bang is) – selfs wanneer die kind lus is en wil probeer om iets te doen. Dit is ook die snaaksste om te hoor hoe sommige van hierdie ouers dan kla oor hoe bang hulle kinders is, en nie besef dat hulle self ‘n bydra gemaak het tot hierdie bang natuur nie.

Ek is betrokke by 'n jeugorganisasie waar kinders constant uitgedaag word op natuurkampe, en dit is ongelooflik om te sien hoeveel groei daar plaasvind in individuele kinders soos wat hulle self ontdek waartoe hulle in staat is ! Dinge wat hulle nooit eers sou oorweeg het om te doen nie... word bereid en struikelblokke oorkom ! Dit is asof mens die potensiaal kan sien ontwikkel voor mens se oë.

Daag jouself meer uit deur dinge te doen wat nie noodwendig maklik is nie, en betrek jou kinders in die proses. Sien dan hoe julle beide saam gaan groei.

#### **6. *Nie genoeg volume en teikendatums nie***

Hierdie is soortgelyk aan die bostaande om jou kind meer uit te daag. Hoeveel werk jou kind moet doen is of 'n persoonlike keuse of 'n kurrikulum keuse. As jy 'n kurrikulum gebruik, het iemand anders die omvang en skedule bepaal, maar as jy jou eie ding doen, moet jyself besluit hoeveel en watter werk is genoeg. Dit is interessant om te sien hoeveel verskillende perspektiewe daar is op hoeveel werk is genoeg en hoe dit mense se tuisskool affekteer. My vraag is – is dit genoeg vir daardie kind ? Ek wil nie net meer werk aanmoedig vir die doel van meer besig wees nie, maar weer eens om uit te daag en potensiaal te ontwikkel.

Meesal wanneer mense begin tuisskool nadat hulle, hulle kinders uit die skool gehaal het, is die tendens om te oorlaai. Dan besef hulle gou dat dit nie werk nie en hulle leer ontspan, wat ook 'n goeie ding. Maar wat ek wel sien is dat die vraag van hoeveel werk gedoen kan word nooit weer gevra word nie...so die minimum hoeveelheid werk word die norm. Is dit dalk moonlik dat ons kinders eintlik baie meer werk kan doen as wat ons verwag, en is ons dalk besig om hulle te beperk met wat ons nie verwag nie ?

Dit sal interessant wees om ook nie net meer hoeveelheid werk van ons kinders te verwag nie, maar dit ook te verwag teen 'n sekere doeldatum. Dit sal hulle baie help ter voorbereiding van naskoolse studies of regte werk, waar volumes werk en teikendatums werklik deel van hulle lewens gaan wees. Ons rol as ouers is om hulle te help groei in die proses. Lig jou verwagtinge 'n bietjie en sien hoe jou kinders die uitdaging gaan aanvaar. Miskien sal ons verbaas wees om te sien wat hulle kan doen.

#### **7. *Die nie-leer van vaardighede om te leer, te dink en te bespreek nie***

In 'n wêreld waar informasie heeltyd verander en die beskikbaarheid van informasie elke dag vermeerder, word die uitdaging al meer vir ons kinders om te lees, te leer, analiseer, krities oordeel, absorbeer en onthou ook nog teen spoed. Die klassieke model van leer 'omvang en skedule' met die doel om inhoud te onthou, is reeds nie meer so relevant nie. Die vaardigheid om vinnig te leer is meer die behoefte. So hoe leer mens jou kinders dit ?

Die eerste vraag is 'wat is regtig leer ?' Ja, om te kan lees is 'n eerste vaardigheid om te leer, maar die meer belangrike vaardigheid daarna is om te verstaan wat jy gelees het. En die groter uitdaging daarna is basiese begrip is om te kan oordeel wat jy gelees het – is dit waar ? is dit waardevol ? is dit goed vir jou ? sal jy groei ? wat beteken dit regtig ? hoe kan jy toepas wat jy gelees het ? Die vaardigheid om krities te kan dink word al hoe belangriker soos wat mens met al hoe meer sinnelose inligting gebombardeer kan word.

Alle tuisskool gesinne het gewoonlik genoeg leesmateriaal en leergeleenthede by hulle huise. Die vraag is of kritiese denke ondersteun word deur besprekings te hou van wat gelees en geleer word. Besprekings, terugvertellings en kritiese denke word ontwikkel soos kinders **sinvolle** gesprekke met grootmense het. Doen ons dit genoeg ? Weet ons wat ons kinders lees en leer ? Bespreek ons dit met hulle en sien ons hoe hulle kritiese denke ontwikkel ? Dinkwerk is harde werk, daarom is terugvertel en bespreking ook harde werk. Ek het dus ook tye waar my kind nie alles wil bespreek nie, en ons analiseer en bespreek ook nie alles nie ! Maar ons maak wel 'n punt daarvan om die goeie boeke wat hulle lees te bespreek, of die verskeidenheid van navorsing inligting wat hul ontdek op die Internet, of die verskillende perspektiewe om 'n probleem te sien, of om verskillende benaderings tot verslag skryf te bespreek ens.

Laat ons nie bang wees om informasie met ons kinders te bespreek nie, en mag ons hulle opinies, persepsies en groei ook geniet.